# HOOFSTUK IX.

## DIE DIENSVOORWAARDES VAN LEERKRAGTE.[1]

### 1. AGTERGROND.

Toe Van der Linden in 1852 by die Volksraad om 'n betrekking aansoek gedoen het, het hy ook bepaalde voorstelle in verband met diensvoorwaardes voorgelê, wat deur die liggaam goedgekeur is. Aan hierdie „School-reglement" van 13 artikels moes die onderwyser sowel as die gemeentebestuur hulle onderwerp.

Die volgende sake is onder andere deur die „Schoolreglement" gereël: huisvesting van die onderwyser, salarisskale, vakansies en metodes van onderwys wat daarop bereken was om deug en goeie sedes in die hand te werk.

Die besoldiging van die onderwyser is in M.W. Pretorius se voorlopige grondwet van 1855 in artikels 254 en 267 as staatsverantwoordelikheid bepaal. In Lydenburg is hierdie verantwoordelikheid aan die kerkraad opgedra. In artikel 53 van die Lydenburgse Grondwet van 1853 is bepaal dat die Volksraad oor die skole moes toesig hou en toesien dat alles wat strydig met Gods Heilige Woord was, vermy moes word.

Hierna het die „Algemene Kommissie vir Onderwys"[2] se reglement, wat uit 30 artikels bestaan het, die diensvoorwaardes vir 'n lang tyd bepaal. Onder andere is salarisse, skoolgelde, skoolure, vakansies, eksamens, klagtes en skoolverlating omskryf. Hierdie kommissie het ook die aanstellings gemaak nadat dit deur die

1. Onderwyswet 1907, Hoofstuk 10.
2. Nuwe Grondwet 1859-1867, artikel 24.

regering bekragtig is. By die aanstelling of bevordering moes voorkeur aan tweetalige leerkragte gegee word, sodat die jeug Engels kon aanleer. Hierdie kommissie het die salarisse van onderwysers bepaal en aan onderwysers wat ook Engels kon onderwys is 'n bykomende vergoeding gegee. Daar was 'n verskil in die diensvoorwaardes van Goewernments- en distriksonderwysers: die diensvoorwaardes van eersgenoemdes is in 19 en die van laasgenoemdes in 12 artikels omskrywe.

Vervolgens het die Burgersonderwyswet van 1874 die diensvoorwaardes in artikels 1 tot 20 en 39 tot 53 bepaal. Die Lyleverslag[3] het die diensvoorwaardes in artikels 87 tot 119 bepaal.

Ingevolge die Onderwyswet[4] van die Superintendent van Onderwys, Ds. S.J. du Toit, is onderwys as die plig van die ouer beskou en staatsbemoeiing was slegs tot toesig en geldelike steun beperk. Die diensvoorwaardes van leerkragte is in hierdie wet onder die „Besondere Bepalinge" bevat. Elke sodanige staatsondersteunde skool het onder die beheer van 'n skoolkommissie gestaan wat ook die vakansies gereël en aanbevelings aan die Superintendent vir aanstelling voorgelê het. Onderwysers moes wetenskaplik bevoeg en lidmaat van 'n Protestantse kerk wees.

Die Mansveltonderwyswet[5] het die aanstelling van onderwysers aan die skoolkommissies opgedra. Die diensvoorwaardes is onder punt D. van die wet omskryf. Leerkragte aan staatsondersteunde skole moes lidmate van 'n Protestantse Christelike Kerk en van goeie sedelike gedrag wees, terwyl skoolhoofde meerderjarig en

3. Die onderwys onder die Engelse 1877-1881.
4. Wet No. 1 van 1882.
5. Wet No. 8 van 1892.

kwekelinge ouer as 14 jaar moes wees. Die aantal leerlinge per onderwyser is op 30, met een kwekeling op 46, en met twee kwekelinge op 60 leerlinge vasgestel. Kwekelinge het 'n toelae van £20 ontvang terwyl 'n honôrarium aan leerkragte vir lange en getroue diens toegeken is.

Die Sargantonderwyswet[6] het die diensvoorwaardes van onderwysers opnuut bepaal. Voortaan sou onderwys 'n staatsonderneming wees en die leerkragte moes as staatsamptenare in besit van 'n sertifikaat of lisensie van die Direkteur van Onderwys wees, alvorens hul in staatskole onderwys kon gee. Verder moes hulle 'n geskrewe kontrak met die Onderwysdepartement aangaan.

Die Selborne-minute[7] het die keuse en aanstelling van leerkragte as van groot belang geag en daar is onder andere neergelê dat onderwysers onbesproke van karakter, goed gekwalifiseer en besonder bekwame en lojale onderdane van die koning moes wees.

Voorts is neergelê dat 'n belangrike saak soos die onderwys van die volkskinders by 'n staatsamptenaar, die Direkteur van Onderwys, wat ook vir die aanstelling en ontslag van onderwysers verantwoordelik was, moes berus. By die keuse van leerkragte moes hy egter met die aanbevelings van die skoolkommissies en skoolrade rekening hou, omdat die ouers gemeen het dat hulle daarin ook 'n seggenskap moes hê.

Die wyse waarop aanstellings gemaak is, was soos volg: Die inspekteur van onderwys het 'n onderwyser in tydelike hoedanigheid aangestel, kragtens bepaalde instruksies van die direkteur. Daarna kon die skoolkommissie 'n leerkrag by die skoolraad aanbeveel uit 'n

---

7. Goewermentskennisgewing No. 1117 van 1905.
6. T.O.D. Jaarverslag 1906, 125.

naamlys wat deur die Onderwysdepartement voorgelê is. In die reël het die direkteur hierdie persoon aangestel maar hy kon die aanbeveling ook sonder opgaaf van redes terug verwys.

By die inwerkingtreding van die Smutswet van 1907 is die diensvoorwaardes van leerkragte opnuut in hoofstuk 10 geformuleer en neergelê en in 1916 is 'n onderwyserspensioenfonds[8] in die lewe geroep.

## 2. OPLEIDING.[9]

Die sertifikate wat na 1910 deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitgereik is, was soos volg: Die onderwysersderdeklassertifikaat wat die laagste onderwyssertifikaat was. As toelatingsvereiste is die matrikulasie of gelykstaande sertifikaat voorgeskryf en dit kon verwerf word na 'n jaar beroepsopleiding en vanaf 1910 na 'n tweejarige opleiding. Die eksamen kon gedurende Adamson se tydperk ook sonder opleiding aan 'n normaalkollege deur private studie afgelê word. 'n Student wat die onderwyserstweedeklassertifikaat na aflegging van die onderwysersderdeklaseksamen wou verwerf, moes eers 'n intermediêre B.A. of in die plek daarvan deel I van die onderwyserstweedeklaskursus aflê. 'n Tweedeklassertifikaat kon ook vanaf 1910 na voltooiing van die intermediêre B.A. en 'n tweejarige beroepsopleiding verkry word. Voordat 'n sertifikaat aan derdeklas- en tweedeklasstudente uitgereik is, moes hul eers 'n proeftydperk deurmaak, aangesien die Onderwysdepartement heel tereg veel waarde aan beroepsopleiding geheg het.

Die hoogste sertifikaat was die onderwyserseersteklas wat uitgereik is aan leerkragte met 'n

8. Ordonnansie No. 5 van 1916.
9. T.O.D.: Regulaties aangaande de Opleiding van Onderwijzers en het verlenen van Onderwijzerscertifikaten, 1913.

geslaagde onderwyservaring en wat 'n universiteitsgraad en 'n onderwyserstweedeklassertifikaat verwerf het. Hierdie sertifikaat is dan deur 'n universiteit uitgereik nadat hulle 'n bepaalde kursus van 18 maande met welslae deurloop het. Na 1917 is die indiening van 'n verhandeling as 'n verdere vereiste bygevoeg.

## 3. AANSTELLING, BEVORDERING, SKORSING, ONTSLAG EN VERLOF.

> "What is needed is a staff of teachers of high professional standing and long professional life. The way to get it is to make the conditions of service liberal."[10]

### (a) Aanstelling.[11]

In 1906 het Lord Selborne, die destydse staatshoof, hom soos volg oor die saak uitgelaat:

> "There is nothing connected with public elementary education more important than the selection and the appointment of teachers."[12]

Die vereistes by die aanstelling van leerkragte was volgens hom onbesprokenheid van karakter, bevoegdheid en getrouheid. Op grond van die groot verantwoordelikheid daarvan, moes die direkteur namens die staat vir die aanstelling en ontslag van leerkragte verantwoordelik wees. By die keuse van leerkragte behoort hy egter die samewerking en hulp van skoolkomitees, skoolrade en selfs van die ouers te geniet.

> "The existence of this list should, under firm administration, provide a complete safeguard against the danger of the appointment of any teacher who does not fulfil the qualifications which I have so clearly laid down."[13]

---

10. T.O.D. Jaarverslag 1908, 22.
11. "Regulations Governing Procedure Governing the Appointment of Teachers," 1929 uitgawe, 80; en 1922 uitgawe, 67.
12. T.O.D. Jaarverslag 1906, 154.
13. Ibid 1906, 155.

Hy moes egter dermate mag besit, dat dit nie van hom verwag sou word om redes aan te voer as hy met die aanbevelings van die beheerkomitees verskil nie. In so 'n geval moes hy die saak slegs vir verdere oorweging terugverwys, totdat eenstemmigheid daaroor bereik is.

Hierdie saak het gedurende die Adamsontydperk heelwat aandag geniet, aangesien dit 'n saak van beginsel was dat die ouer seggenskap behoort te hê by die aanstelling van onderwysers en daar met die aard van plaaslike omstandighede rekening gehou moes word. Om aanstellings so onpartydig moontlik te maak is daar neergelê dat stemwerwing 'n kandidaat onbevoeg vir aanstelling sou maak.

As die plattelandse skoolrade op grond van die onderwyswet 'n neiging getoon het om te veel klem op tweetaligheid ten koste van akademiese en beroepsbevoegdhede te lê, het Adamson self die aanstellings gemaak.

> "As evidence of a sincere desire to make appointments on educational grounds, I should like to record that I have not infrequently been asked to make a selection myself."[14]

In 1910 het Adamson 'n duidelike uiteensetting gegee van seksies 78 tot 81 van die Onderwyswet, wat handel oor die magte van skoolrade in verband met aanstellings, skorsing en ontslag van leerkragte.

Sodra 'n pos goedgekeur is, is die vakature geadverteer en aansoeke van bevoegde kandidate is ingewag. Seksie 78 het vereis dat die aansoeke na die skoolkomitees verwys moes word vir aanbeveling. Adamson het hom hieroor soos volg uitgelaat:

> "It is useless to discuss here whether that step is a wise one or not. It is the law, and the question is how it operates."[15]

---

14. T.O.D. Jaarverslag 1908, 16.
15. Ibid 1910, 37.

Hierdie prosedure was tydrowend en dikwels was die skoolkomitees nie in staat om 'n oordeel oor die verdienstelikheid van die applikante te vel nie. Hy was ten gunste van 'n stelsel waarvolgens skoolrade die skoolkomitees in hul keuse moes lei deur 'n kortlys van applikante aan hulle voor te lê met 'n opgaaf van die redes vir hul keuse. Daarna moes die beslissing van die skoolrade in soverre dit die aanbevelings van die skoolkomitees betref, finaal wees.

> "They are to act, says the section, 'after consultation with and as far as possible upon the recommendation of the Committee.'"[16]

Sommige skoolrade het egter die aanbevelings van die skoolkomitees voor die voet aanvaar, terwyl ander skoolrade dit gereeld van die hand gewys het. Die meeste liggame het egter van hul magte wyselik gebruik gemaak. Indien die beslissing van die Onderwysdepartement en die skoolrade nie ooreengekom het nie, het laasgenoemdes gewoonlik by die beslissing van die Onderwysdepartement berus. Daarom was dit vir Adamson nie nodig om die saak deur die Onderwysraad na die Minister van Onderwys vir beslissing te verwys nie. Sy standpunt is egter duidelik:

> "Clearly, however, responsibility must rest with the school board on all more important matters, and the views of the board must prevail."[17]

Waar daar geen skoolkomitees was nie, was daar ook minder wrywing.

In 1912 is aan skoolrade opgedra om minstens die name van twee applikante aan die direkteur voor te lê. Wysigingsordonnansie No. 7 van 1912 het die

---

16. T.O.D. Jaarverslag 1917, 38.
17. Ibid 1911, 15.

direkteur gemagtig om leerkragte van een skool na 'n ander skool oor te plaas, indien dit in belang van die onderwys was.

By die aanstelling van onderwysers(esse) het Adamson akademiese en beroepsbevoegdhede as belangrike vereistes beskou. Hy het daar geen geheim van gemaak dat hy 'n universiteitsgraad en 'n onderwysersdiploma vir laer- sowel as vir middelbare onderwys verlang het nie.

> "The highest possible degree of culture and the highest possible degree of professional skill are essential conditions of efficiency."[18]

Hy het hom nie vereenselwig met die standpunt van kerkgenootskappe en skoolraadskonferensies dat die godsdienstige oortuiging van applikante van belang is nie.

> "So far as it means that the teacher's religious proclivity is to be a factor to be taken into consideration in deciding on the appointment - and this is what it would mean - it is contrary to the spirit of the religious clauses of the Act. It is the religious test for teachers in a clear form."[19]

Toe die Malherbeonderwyskommissie in 1920 terwille van groter vryheid en verskeidenheid van die onderwys van taal, godsdiens en geskiedenis aanbeveel het[20] dat die beslissing by die skoolkomitees moes berus, het Adamson om verskeie redes besware daarteen ingebring, omdat daar volgens hom geen beperkings in verband met taal- en godsdiensonderrig kon bestaan nie.

> "As regards (history),....... indeed liberty is tending to run licence."[21]

Hy het gemeen dat die destydse stelsel moes voortduur

---

18. T.O.D. Jaarverslag 1918, 19.
19. Ibid 1910, 55.
20. Ibid 1920, 21 tot 24.
21. Ibid 1920, 23.

omdat skoolrade meer verteenwoordigend en bevoeg as skoolkomitees was.

> "They are less likely to be swayed by personal and private reasons, and more likely to be able to take a wide and tolerant view of the interests of the children."[22]

Daarbenewens het die Onderwysdepartement deeglik navraag gedoen na alle aanbevelings waaroor skoolrade en skoolkomitees nie ooreen kon kom nie. Voortgaande het hy gemeen dat dit 'n logsware administratiewe onderneming sou wees as die Onderwysdepartement met afsonderlike skoolkomitees in plaas van met 'n sentrale skoolraad moes onderhandel.

> "There seem to me to be no weighty reasons for changing, and very strong reasons for retaining, the existing system."[23]

(b) <u>Bevordering</u>.

Seksie 78 van die Onderwyswet was geen waarborg dat die bevordering van leerkragte nie bloot toevallig kon geskied nie. Dit het weliswaar die doeltreffende werking van die onderwysstelsel nadelig beïnvloed en het met alle beginsels van die staatsdiens gebots.

> "There is no security under that section that the man from outside shall not be appointed over the head of the man inside the department; and within the department itself there is no security that the junior shall not receive promotion before the senior."[24]

Die beskermende sinsnede, „alle dinge gelyksynde" kon volgens Adamson moeilikerwyse vertolk word.

Vervolgens het hy gemeen dat die ervaring van die onderwyser in ag geneem moes word by bevordering,

22. T.O.D. Jaarverslag 1920, 23.
23. Ibid 1920, 24.
24. Ibid 1910, 39.

hoewel dit nie altyd deurslaggewend moes wees nie, want ervaring was nie altyd 'n waarborg van bekwaamheid nie.

> "..... the absence of a systematic scheme of promotion will tell in the direction of inefficiency in the long run."[25]

Onder destydse toestande was dit moontlik dat leerkragte, wat in aanmerking moes kom vir bevordering, maklik oor die hoof gesien kon word. As 'n skoolraad nie van 'n persoon gehou het nie, het sy kwalifikasies en bekwaamhede nie gewaarborg dat hy aanbeveel sou word nie. Tog was die direkteur in 'n mate gebonde om aanstellings volgens die Raad se aanbevelings te maak.

Die leemte in hierdie stelsel was tweeledig: Daar was geen maatstaf om onderwysbekwaamhede te meet nie en die Onderwysdepartement het nie 'n register daarop nagehou waarvolgens sy onderwyskragte gereeld gegradeer kon word nie. So 'n stelsel het die vrugte van persoonlike beïnvloeding gedra en ontevredenheid was aan die orde van die dag.

> "..... if the prospects of promotion are too remote, discontent is inevitable. This is more especially true at the lower stages. Healthy normal youth is essentially ambitious. It is well, too, for the younger teacher's own sake, that it should not be necessary to change schools in order to get promotion; and for the sake of the schools the fewer staff changes there are, if work is going on satisfactorily, the better."[26]

(c) <u>Skorsing en ontslag</u>.[27]

'n Leerkrag in diens van die Transvaalse Onderwysdepartement kan op grond van 'n gebrek aan onderdanigheid, pligsversuim, 'n abnormale leefwyse, onbetaamlike

25. T.O.D. Jaarverslag 1910, 39.
26. Ibid 1917, 33 tot 34.
27. Raadpleeg: (a) Handboek van Onderwyswetten met Regulaties, Bepalingen en Voorschriften.
(b) Onderwyswet 1907, artikels 80 en 81.

gedrag in die openbaar, die gebruik van bedwelmende middels en bankrotskap geskors word en as na 'n ondersoek bevind word dat die vergryp van ernstige aard is, ontslaan word.

As 'n leerkrag van 'n oortreding aangekla word, kan hy sy saak aan die Direkteur van Onderwys stel en as dit nie van 'n ernstige aard is nie kan hy met 'n waarskuwing daarvan afkom. As sy oortreding wel van ernstige aard is kan hy deur die Administrateur geskors word. In die laaste geval moet 'n klagskrif aan die leerkrag uitgereik word, waarop hy skriftelik moet antwoord.

Nadat die Administrateur die oortreding in die lig van hierdie antwoord en verklaring oorweeg het kan hy óf die skorsing ophef óf een van die volgende tugmaatreëls toepas: 'n Boete oplê, verlof intrek, salarisverhoging terughou, salaris verminder of salarisverhoging vir hoogstens 12 maande opskort. In verband met hierdie aangeleentheid kon Adamson egter 'n gunstige getuienis lewer:

> "With regard to section 80, the power of suspension conferred upon school committees has in no case been misused. The recommendations for dismissal that have been put forward have been exceedingly few."[28]

Sommige skoolrade wou leerkragte oor wie plaaslike ontevredenheid bestaan het, verplaas hê. Die Onderwysdepartement kon leerkragte egter nie om die rede verplaas nie, omdat die skoolraad na wie se gebied sodanige oorplasing sou geskied, daarteen besware kon inbring. Die Onderwysdepartement kon dus in sulke gevalle slegs aanbeveel dat sodanige leerkragte om ander poste aansoek moes doen.

---

28. T.O.D. Jaarverslag 1910, 40.

Dreigemente teen 'n leerkrag soos die staking van ouers of 'n tydelike weiering om hul kinders na die skool te stuur moes toegeskryf word aan die taktloosheid van die leerkrag.

Wanneer 'n inspekteur oor die swak werk van 'n onderwyser verslag moes doen, kon hy 'n voorlopige kennisgewing van ontslag uitreik. In so 'n geval is die werk van die betrokke onderwyser na ses maande weer nagegaan en as dit bevredigend was, is die voorlopige kennisgewing teruggetrek. Indien 'n onderwysinspekteur 'n verslag ingedien het en 'n skoolraad nie daarmee ooreen kon kom nie, is die saak na die Onderwysraad verwys. Dit was egter duidelik dat die standpunt van die inspekteur as beroepskundige in die reël aanvaar is.

Toe 63 leerkragte in 1914 aan die Rebellie deelgeneem het, was Adamson se standpunt:

> "They were immediately suspended, as were others who, though not taking any active part, nevertheless by their action or attitude gave moral support to the movement."[29]

Die Uitvoerende Komitee het die saak ondersoek en soos volg besluit:

> "..... all teachers who were proved to have been either actively or passively associated with the rebellion were to be dismissed (from) the service, with forfeiture of all emoluments and retiring allowances."[30]

Indien 'n leerkrag aangekla is en hy sy onskuld kon bewys, is sy saak in heroorweging geneem.

Die Malherbekommissie[31] het die daarstelling van 'n Ondersoekraad aanbeveel wat uit die inspekteur, die voorsitter van die betrokke skoolraad en 'n lid van

29. T.O.D. Jaarverslag 1914, 34.
30. Ibid 1914, 34.
31. Ibid 1920, 57(370).

die georganiseerde onderwysberoep moes bestaan omdat so 'n raad meer vertroue sou inboesem.

Verlof.[32]

Verlof word aan leerkragte kragtens bepaalde regulasies deur die Direkteur van Onderwys toegestaan.

Aan lede van die vaste onderwyspersoneel kan vakansieverlof toegestaan word. Vir elke drie jaar diens is die leerkrag op ses maande siekteverlof geregtig, waarvan hy drie maande teen vol en drie maande teen half-salaris besoldig word. Aansoeke om siekteverlof vir langer as drie dae moet deur 'n mediese sertifikaat vergesel word. Die direkteur kan selfs gelas dat die aansoeker deur 'n mediese amptenaar, wat deur die Onderwysdepartement benoem word, ondersoek moet word. Voorts kan 'n mediese raad wat deur die Onderwysdepartement benoem word ses maande siekteverlof teen volle en ses maande teen half-salaris aan 'n leerkrag toestaan, wat gedurende tien volle diensjare om nie meer as 91 dae, behalwe sy vakansieverlof, aansoek gedoen het nie.

In die geval van aansteeklike siektes, liggaamlike en geestelike kwale kan die mediese raad 'n leerkrag verplig om kragtens die regulasies aansoek te doen om siekteverlof. Voorts maak die Onderwyswet voorsiening vir verlof in geval van bevallings, dringende privaat sake, besmetlike siektes in die gesin van die onderwyser, studie- en militêrediens. Daar is ook bepalinge in verband met diens hervatting na siekteverlof, permanente sowel as tydelike ongeskiktheid en vrywillige uitdienstreding.

32. (a) Handboek van Onderwyswette, 78 tot 81 en 103 tot 105.
(b) Onderwyswet 1907, seksie 76.

Ongeag die bestaande verlofbepalinge besit die Administrateur-in-Uitvoerende-Komitee ook nog die mag om buitengewone verlof volgens eie voorwaardes toe te staan.

Adamson het hom steeds ten gunste van aantreklike diensvoorwaardes, ook wat verlof betref, uitgespreek.

> "The only permanent solution is to make the profession of teaching attractive enough by providing that the conditions and rewards of service compare favourably with those which obtain in other professions."[33]

In 1906 het hy die verbeterde vakansie- en siekteverlofbepalinge verwelkom en die hoop gekoester dat dit sou bydra tot doeltreffender diens.

Leerkragte moes egter begryp dat verlof nie op grond van persoonlike omstandighede nie maar slegs kragtens bestaande regulasies toegestaan kon word.

> "Teachers do not realise that Executive Council regulations can only be set aside by Executive Council resolutions ....."[34]

Tog was die diensvoorwaardes in Transvaal so aanneemlik dat leerkragte van die ander provinsies gereeld na die Transvaal oorgekom het.

> "These are no doubt attracted by the higher salary-scale, better leave conditions, and, not least the public character of the service."[35]

Hy het egter gemeen dat die diensjare van die leerkragte, wat van die C.N.O.-skole oorgeplaas is, erken moes word en dat enige bate wat 'n leerkrag by uitdienstreding sou toekom, aan sy boedel oorbetaal moes word in geval van sy oorlyde.

---

33. T.O.D. Jaarverslag 1906, 33.
34. Ibid 1906, 32.
35. Ibid 1908, 22.

Die groot tekort aan leerkragte kon alleen deur die daarstelling van 'n permanente onderwyspersoneel opgelos word.

> "There is, of course, only one way of doing this finally and effectively, and that is, to make the conditions of service, e.g. salary, promotion, leave, and retiring allowances, more attractive."[36]

Enersyds is dit 'n saak van koste en andersyds een van gemeenskapsdiens. Die onderwys vervleg sig so innig met die belange en welvaart van die gemeenskap, dat die diensvoorwaardes van leerkragte alle ander aangeleenthede behoort te oorskadu. Sodanige voorwaardes sal dan meebring dat die geskikste persone tot die onderwysberoep sal toetree en sal hulle aanmoedig om hulle beroepskwalifikasies te verbeter.

> "There will be less desire and less inducement to leave the profession."[37]

By diensdoende leerkragte het Adamson vakansiekursusse[38] aanbeveel en daar is dan ook sodanige kursusse van tyd tot tyd aan die normaalkollege in Pretoria en later ook aan die landboukollege in Potchefstroom gereël.

## 4. BESOLDIGING.[39]

Leerkragte word deur die Uitvoerende Komitee besoldig.[40] Kragtens seksie 18(1) wat betrekking het op die diensvoorwaardes van onderwysers[41] word die salarisse vir bepaalde poste volgens die graad van die

---

36. T.O.D. Jaarverslag 1913, 19.
37. Ibid 1913, 20.
38. Handboek van Onderwyswette, 82.
39. Raadpleeg: T.O.D. Jaarverslae: 1906, 25 tot 31; 1915, 32 tot 34; 1916, 45; 1917, 37 tot 38; 1918, 43 tot 44; 1919, 16 tot 17; 1920, 29 tot 42; 1922, 19 tot 20; Toespraak Direkteur, 1923, 237.
40. Handboek van Onderwyswette, 26, seksie 85(1).
41. Handboek van Onderwyswette, 74.

pos vasgestel, terwyl die salarisse van die ander opgeleide blanke leerkragte van hul kwalifikasies afhang. Ingevolge die dienskontrak[42] tussen die staat en die leerkrag moet die staat die leerkrag volgens sub-artikel 18 besoldig.

Hoewel die toestand in Transvaal een was van,

> "..... reasonable pay and reasonable security of tenure of office,"[43]

nogtans het die diensvoorwaardes gedurende Adamson se diensjare steeds verbeter.[44]

| Hoër skole. | voor 1906 | 1906 | 1919 | 1920 | Vermeerdering. |
|---|---|---|---|---|---|
| Hoof | 800 | 800 | 900 | 980 | 180 |
| Assistent A. | 500 | 560 | 650 | 730 | 230 |
| Assistent B. | 400 | 435 | 520 | 600 | 220 |
| <u>Laerskole</u>: | | | | | |
| Hoof | 500 | 560 | 660 | 740 | 240 |
| Assistent A. | 350 | 390 | 450 | 530 | 180 |
| Assistent B. | 300 | 320 | 360 | 440 | 140 |

Die maandelikse verhoging in die onderskeie groepe van voor 1906 tot in 1920 was £15, £19.3s.4d., £18.6s.8d., £20, £15 en £11.13s.4d. onderskeidelik. Die salarisse is egter, wat die onderskeie groepe betref, nie eweredigl ik vasgestel nie.


Dit kan grafies soos volg voorgestel word:

42. Handboek van Onderwyswette, 24, seksie 76.
43. T.O.D. Jaarverslag 1906, 24.
44. Mans: maksimum.

SALARISSKALE: MANS.


(a) Hoofde van hoërskole.

Skaal: 1 blok stel £20 voor.





(b) Hoërskole: Assistente A.

Skaal: 1 blok stel £20 voor.




(c) Hoërskole: Assistente B.

Skaal: 1 blok stel £20 voor.





(d) Hoofde van laerskole.

Skaal: 1 blok stel £20 voor.




(e) Laerskole: Assistente A. (Vanaf 1919 = $O_2$)

Skaal: 1 blok stel £20 voor.




(f) Laerskole: Assistente B. (Vanaf 1919 = $O_3$)

Skaal: 1 blok stel £20 voor.




Op grond van die beter vooruitsigte wat hy steeds aan leerkragte voorgehou het, is dit van belang om sy aandeel in verbeterde salarisskale na te gaan.

(a) Gradering van poste.

Vir die gradering van poste[45] is skole soos volg geklassifiseer:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Skole | met | 401 en meer | | leerlinge: | Klas | I. |
| " | " | 251 tot | 400 | " | " | II. |
| " | " | 101 " | 250 | " | " | III. |
| " | " | 70 " | 100 | " | " | IVa. |
| " | " | 40 " | 69 | " | " | IVb. |
| " | " | 30 " | 39 | " | " | IVc. |
| " | " | 20 " | 29 | " | " | IVd. |

Die gradering van hoofde van skole het volgens die klas van die skool geskied. In die klas IV-skole het die hoof se salaris nie met die van die assistente verskil nie. Hy het egter 'n klein toelaag ontvang.

Adamson was ten gunste van besoldiging volgens die graad van die pos, want in die sakewêreld word werknemers besoldig ooreenkomstig die verantwoordelikheid van die betrekkings wat hulle beklee.

> "A gradation of posts, calling for grades or responsibility, qualifications, and experience, is of the essence of sound organization in public and private institutions..... Competition, out of which those best qualified ultimately emerge successful, seems to me to be an indispensable factor of efficiency and ought not to be deleted from the conditions of promotion even among assistants."[46]

In middelbare skole is assistentsposte in drie grade, A, B en C geklassifiseer. Assistente met 'n laer kwalifikasie as die onderwyserstweedeklas en 'n universiteitsgraad is op die skaal vir laerskoolleerkragte geplaas. Die Onderwyskommissie[47] was van mening dat besoldiging volgens kwalifikasies meer bevredigend sou wees, aangesien dit beter sertifisering in die hand sou werk.

By sy diensaanvaarding was daar 'n ernstige

45. Interim Report of the Education Commission, 1917, 4.
46. T.O.D. Jaarverslag 1917, 33.
47. Interm Rapport 1917, 5 tot 7.

tekort aan hoërskoolonderwysers. Hierdie tekort moes eensdeels op grond van die geringe aantal middelbare skole en anderdeels aan 'n graderingsstelsel, wat nie vir voldoende hoër poste voorsiening gemaak het nie, toegeskryf word. Hierdie stand van sake het noodwendig daartoe aanleiding gegee dat die toetreding van mans, wat die onderwys moes help uitbou, nie na wense was nie. 'n Stelsel waarvolgens bevordering tengevolge van skool- en posgradering nie veel kon bied nie, sou en moes noodwendig arm aan uitblinkers wees.

Afgesien van die aantal hoë poste was die gradering van die assistentsposte nie van so 'n aard dat dit vir die ongerymdhede in die hoogste kerwe kon vergoed nie. Die beginsel om leerkragte volgens die graad van die pos en nie volgens hulle bevoegdhede te besoldig nie is in 1906 aanvaar. Aanvanklik het so 'n gradering van poste nie bestaan nie. Leerkragte is volgens die aard van hul werksomstandighede besoldig. Dit het salarisverskille sodanig vergroot dat persone wat dieselfde werk verrig het, nie dieselfde besoldiging ontvang het. Dit moes noodwendig aanleiding tot heelwat ontevredenheid gegee het.

> "The only satisfactory and permanent system is one which is based upon a classification of schools and posts in each school, for each of which definite qualifications are needed, and to each of which a fixed rate of pay is attached."[48]

Voorts het hy salaris- en stafskale aanbeveel vir elke skool en jaarlikse verhogings in die plek van die halfjaarlikse verhogings wat op grond van inspekteursopgawes gemaak is. Die poste is dan ook gegradeer en

---

48. T.O.D. Jaarverslag 1906, 26.

die aanvangs- en eindsalaris van elke pos is vasgestel. 'n Vaste jaarlikse verhoging is in die geval van bevredigende werk betaal. Voorts is alle vakante betrekkings geadverteer,[49] ook die wat ontstaan het wanneer die graad van 'n skool verhoog is.

Die salarisverhogings wat in 1906 goedgekeur is openbaar twee kenmerke: Eerstens is, wat die hoogste poste betref, geen wysigings aangebring nie, omdat Adamson van mening was dat 'n maksimum van £800 per jaar ruimskoots vergoed het vir die dienste van 'n goeie onderwyser en dat dit die beste leerkragte tot die onderwys sou laat toetree. Tweedens is die salarisse van die D-poste ook nie gewysig nie, omdat hierdie poste deur ongekwalifiseerde leerkragte gevul was. Indien die soort poste deur hoër salarisse aantrekliker gemaak sou word, sou die euwel van ongesertifiseerde leerkragte nie bestry kon word nie. Hierdie leerkragte moes deur die verhoogde salarisse vir die middelgroepe tot verbetering van hul kwalifikasies aangespoor word.

Die gradering van poste het ook op 'n ander wyse bevorderingsmoontlikhede meegebring. Omdat al die onderwysers(esse) nie gegradeerde hoërskoolposte kon bekom nie, moes daar ook voorsiening gemaak word vir bevordering by die skole waaraan hulle verbonde was.

Normaalstudente, wat volledig opgelei was, het vir die geringer aantal C-poste in aanmerking gekom. Hulle moes soms vir 'n redelike tydperk in tydelike hoedanigheid aangestel word, aangesien hulle in die reël nie vir die hoër A- en B-poste aan middelbare- en laerskole bevoeg was nie.

Die oplossing van hierdie moeilikheid kon die opheffing van D-poste gewees het.

---

49. T.O.D. Jaarverslag 1906, 27.

> "This is, however, a counsel of perfection."[50]

want al sou daar voldoende opgeleide leerkragte beskikbaar wees kon die Transvaalse Onderwysdepartement dit nie bekostig om net gesertifiseerdes in diens te neem nie.

> "It is for financial reasons necessary that a considerable number of posts must continue to be of grade D."[51]

Hierdie toestand kon dus slegs verhelp word deur die aantal poste van 'n hoër graad te vermeerder of die leerkragte moes bereid gewees het om in die laer poste te begin. Die eerste oplossing sou 'n te groot geldelike las meebring terwyl die laaste sekerlik tot 'n afname in die aantal aansoeke om toelating tot die normaalkolleges sou lei.

> "That being so, it is beside the mark to criticize adversely the low quality of a section of the recruits."[52]

Dit kom daarop neer dat te hoë eise nie gestel kon word nie, omdat daarvoor nie betaal kon word nie. Dit het ook voorgekom dat mans die onderwysberoep slegs as 'n tydelike verdienste aanvaar het, totdat 'n beter heenkome gevind kon word.

'n Omstandigheid wat egter 'n uitwerking ten goede op die aantal hoër onderwysposte gehad het, was die stelselmatige groei van die onderwys in Transvaal. Hierbenewens het die sentralisasieskema veel daartoe bygedra om die aantal laer/poste te verminder.

> "..... during the past year, there has been a marked increase in the posts of higher grade and a marked decrease in the lower."[53]

---

50. T.O.D. Jaarverslag 1910, 51.
51. Ibid 1910, 52.
52. Ibid 1910, 52.
53. Ibid 1914, 25.

Dit het die geleenthede vir bevordering en daarmee ook die gemiddelde salaris van veral assistente verhoog.

> "There has been an increase in all grades of assistants in high schools."[54]

In 1914 het die A-, B- en C-poste aan laerskole met 57 aangewas, die D-poste met 23 verminder, terwyl poste vir dames in die B- en C-klas met 62 vermeerder en die D-poste met 70 verminder het. Die A-poste vir dames het in weerwil van Adamson se standpunt van 94 tot 89 gedaal, omdat skoolrade by voorkeur mans by plattelandse skole aanbeveel het.

> "It will be generally agreed that nothing should be done to limit the number of higher grade posts to which women can legitimately aspire."[55]

Dit kon geskied deur die groot laerskole in die stede in junior- en middelskole te skei, met dames as hoofde van die juniorskole.

Oor die waarde van hierdie gradering van poste het Adamson hom soos volg uitgelaat:

> "A gradation of posts, calling for grades of responsibility, qualifications, and experience, is of the essence of sound organization in public or private institutions."[56]

In enige onderwysstelsel moet daar egter gewaak word teen 'n beperking van geleenthede vir bevordering. Dit moet selfs vir 'n leerkrag moontlik wees om in sy eie skool bevorder te word. Om hierdie rede is B- en C-poste omskep en leerkragte in C-poste kon tot B-poste in hulle eie skole bevorder word sonder om daarom aansoek te doen, nadat hulle 'n jaar lank die maksimum-

54. T.O.D. Jaarverslag 1914, 25.
55. Ibid 1914, 26.
56. Ibid 1917, 33.

salaris van daardie pos ontvang het. Die onderwysers in D-poste het nie en behoort nie in hierdie voorregte sonder verbetering van hul kwalifikasies te deel nie. Die reëlings in verband met die B- en C-poste het ook veel daartoe bygedra om die verplasing van personeellede te verminder. Die versperring tussen die A- en B-poste het ook nog voortgeduur, aangesien 'n onderwyser met 'n onderwysersderdeklassertifikaat hoogstens 'n B-pos kon beklee. Om van 'n B- tot 'n A-pos bevorder te word moes hy in besit van 'n onderwyserstweedeklassertifikaat wees.

In die middelbare afdelings is die gradering in 1917 ook verbeter. Voortaan sou daar aan die skole ook 'n pro rata aantal hoërgraad assistentsposte wees. In dieselfde jaar is die aantal gegradeerde poste vir skoolhoofde ook vermeerder.[57]

Adamson was daarvan oortuig dat 'n goed gegradeerde stelsel van skole en poste een van die noodsaaklikste vereistes vir 'n vergenoegde onderwyspersoneel was.

(b) Onderwysersalarisse.

'n Voortdurende tekort aan fondse, opleidingseise en die groeiende onderwysstelsel was die drie vernaamste omstandighede wat die salarisvraagstuk in sy diensjare beïnvloed het.

Die onderwysuitgawes moes met die provinsiale inkomstes rekening hou. Die vooruitgang van die bevolking het steeds meer eise aan onderwysuitbreidingsdienste gestel, terwyl die eise wat aan 'n deeglike leerkragopleiding gestel is, ten gevolge gehad het dat leerkragte in minder mate tot die onderwysberoep toegetree het.

57. T.O.D. Jaarverslag 1917, 36 tot 37; en 1919, 16.

By die nagaan van Adamson se standpunt oor die besoldiging van leerkragte moet hierdie omstandighede in ag geneem word.

Die ontwikkelingstempo in Transvaal was verskillend van die in die ander provinsies, want namate die goudhonger hier toegeneem het, het die onderwys in omvang toegeneem en het die eise wat aan die onderwysstelsel gestel is, steeds meer geword. Nogtans het Adamson gemeen dat dit die onderwysberoep nie ten nadele moes beïnvloed nie.

> "It is a question of money, of the resources of the Province on the one hand, and, on the other, of the determination of the public that the teaching profession, bound up as no other is with the highest welfare of the community, shall be surpassed by no other in the attractions which it offers to the best men and women."[58]

Die gemeenskap moes volgens hom bereid wees om vir die beste dienste te betaal. Onderwys moes nie langer die aspoestertjie onder die beroepe wees nie; dit moes sy plek langs die van die wet en die medisyne inneem. The Transvaal Teachers Association het dan ook gemeen dat die tyd aangebreek het vir gelykvormige salarisskale vir die verskillende beroepe, soos deur hul nuwe voorgestelde salarisskaal dan ook aanbeveel is.[59]

As die beginsel aanvaar sou word, moes daar volgens Adamson met die diens as geheel rekening gehou word, sodat die administratiewe-personeel en die inspektoraat ook daarby inbegrepe sou wees.

In 1917 is die volgende salarisskale voorgestel:[60]

58. T.O.D. Jaarverslag 1913, 19.
59. Ibid 1917, 38.
60. Onderwyskommissie 1917; Interm rapport, 9.

Laerskole.

| Assistente: | Mans. | Vroue. |
|---|---|---|
| $O_3$ | £240-20-360 | £180-15-270 |
| $O_2$ | £280-20-460 | £210-15-345 |
| $O_1$ | £340-20-500 | £225-15-375 |
| Hoofde: | | |
| PIII | £440-20-540 | £340-20-420 |
| PII | £560-20-640 | £430-20-510 |
| PI | £660-20-720 | £530-20-590 |

Hoërskole.

| Assistente: | Mans. | Vroue. |
|---|---|---|
| $O_2$ | £360-20-680 | £300-20-540 |
| $O_1$ | £380-20-720 | £320-20-580 |
| Hoofde: | £740-20-820 | £560-20-640 |

In 1920 is die volgende salarisskale aanvaar:[61]

Hoërskole.

| Assistente: | Mans. | Vroue. |
|---|---|---|
| A. | £450-20-650 | £390-15-510 |
| B. | £360-20-520 | £300-15-420 |
| Hoofde: | | |
| A. | £700-25-900 | £600-20-800 |
| B. | £600-25-800 | £520-20-700 |

Laerskole.

| Hoofde: | | |
|---|---|---|
| PI | £560-20-660 | £480-20-580 |
| PII | £440-20-540 | £360-20-460 |
| PIII Hoofde en Assistente: | | |
| In besit van $O_3$: | £240-15-360 | £204-12-300 |
| In besit van $O_2$: | £270-15-450 | £228-12-360 |

In die jaar is daar ook aangedring op 'n eenvormige salarisskaal vir mans en vrouens:[62] Die Onderwyskommissie het dan ook so 'n aanbeveling gedoen en die

61. T.O.D. Jaarverslag 1920, 29 tot 33.
62. Onderwyskommissie 1920, 60 tot 61(394).

salarisskaal vir mans as die basiese skaal aanbeveel.

In hierdie jaar het daar in Transvaal die volgende poste bestaan:-[63]

| Poste[64] | Mans. | Vroue | Totaal |
|---|---|---|---|
| Normaalkolleges: (4) | | | |
| Hoofde | 4 | - | 4 |
| Assistente A. | 10 | 7 | 17 |
| Assistente B. | 5 | 2 | 7 |
| Hoërskole: (25) | | | |
| Hoofde A. | 8 | 2 | 10 |
| Hoofde B. | 13 | 2 | 15 |
| Assistente A. | 43 | 18 | 61 |
| Assistente B. | 80 | 47 | 127 |
| Voorlopige opleidingssentrums vir onderwysers: (4) | | | |
| Hoofde A. | 1 | - | 1 |
| Hoofde B. | 3 | - | 3 |
| Assistente A. | 9 | 1 | 10 |
| Assistente B. | 3 | 10 | 13 |
| Huishoudkundeskool: (1) | | | |
| Hoof | - | 1 | 1 |
| Ambagskole: (3) | | | |
| Hoofde | 3 | - | 3 |
| Onderhoofde | 2 | - | 2 |
| Assistente: | | | |
| Instrukteurs A. | 6 | - | 6 |
| Instrukteurs B. | 21 | - | 21 |
| Instrukteurs - Algemeen: | | | |
| (a) senior | 4 | - | 4 |
| (b) junior (1) | 5 | - | 5 |
| junior (2) | 2 | - | 2 |
| Laerskole: | | | |
| Hoofde PI | 100 | 19 | 119 |
| Hoofde PII | 98 | 20 | 118 |
| Onderhoofde PI en assistente B.H. in middelbare afdelings, naaldwerk instruktrises en liggaamlike opvoedkundige instrukteurs | 42 | - | 42 |
| Leerkragte wat volgens kwalifikasies betaal is. | 923 | 2,228 | 3,161 |
| Hoofde wat toelae in PIII skole ontvang het: | | | |
| PIII A(£40 per jaar). | 143 | 9 | 152 |
| PII B(£20 per jaar). | 322 | 25 | 347 |
| Leerkragte wat as hoofde ageer. | 262 | 34 | 60 |
| Per uur betaal. | 7 | 53 | 60 |
| TOTAAL. | 2,120 | 2,479 | 4,599 |

63. T.O.D. Jaarverslag 1920, 89.
64. Loonskale: Jaarverslag 1920, 35 tot 39.

In 1920 het van die 4,599 onderwyserspomte in Transvaal slegs 592 onderwysers of 13 persent van die hoogsmoontlike aantal leerkragte hoër besoldiging ontvang as assistente wat volgens hul kwalifikasies besoldig is. Slegs een uit elke 8 leerkragte kon dus in een van die hoër gegradeerde poste aangestel word.

Saam met die nuwe salarisskale[65] is ook 'n wisselskaal van lewensduurtetoelae van £76 tot £168 vir getroude en £44 vir ongetroude leerkragte goedgekeur. In Augustus 1920 het die leerkragte vertoë om verdere verhogings gerig en tydens 'n onderhoud met die sekretaris van die Onderwysdepartement het daar 'n vriendskaplike bespreking plaasgevind. Ongelukkig het die onderwysers daarna regstreeks met die Uitvoerende Komitee onderhandel en sodoende 'n swak voorbeeld van samewerking met hul eie departement geopenbaar.

Adamson het hom nie met die mening, dat die nuwe salarisskale buitensporig was, vereenselwig nie.

> "They have been called extravagant. That term is certainly not justified. I think they are ..... fully adequate....."[66]

Die onopgeleide leerkragte is egter te hoog besoldig, veral in die geval van persone wat nóg 'n akademiese nóg 'n beroepsopleiding geniet het.

> "Speaking generally ..... I do not think the scales are too high, because I doubt whether it is possible to point to work bearing more directly on individual and social welfare, and of which consequently the responsibility is so far-reaching. Teachers are entrusted, not only for safekeeping but for development, with the parents' most cherished possession and the State's most valuable asset."[67]

65. Aanbeveel deur die Onderwyskommissie 1917.
66. T.O.D. Jaarverslag 1920, 40.
67. Ibid 1920, 41.

Hierdie salarisskale was nouliks in werking[68] of die staat se benarde geldelike toestand het 'n salariskorting noodsaaklik gemaak. Na 'n deeglike onderlinge raadpleging is daar eindelik op 'n gemiddelde korting van 5 persent besluit.[69] Van hierdie opoffering van 'n deel van die bevolking het Adamson nie gehou nie en op 28 Maart 1923 het hy sy redes aan die T.T.A.-Kongres voorgelê:

> "..... teachers were to be paid salaries commensurate with their contribution to social welfare and progress.....[70] We claim that there shall be no exploitation of education and children for merely material ends....."[71]

Hy het die hoop gekoester dat die salarisse van onderwysers(esse) nie weer besnoei sou word nie, want onderwys is nie 'n gewone onderneming nie maar wel 'n nasionale diens en die besoldiging behoort nie die skommelings van die sakewêreld te toon nie.

> "..... up with the boom and down with the slump."[72]

Onderwys is 'n veeleisende beroep wat deur 'n lang en dure opleiding voorafgegaan word en die beste leerkragte moet betrek kan word. Wisselende salarisskale en 'n mate van onsekerheid sal beslis nie veel daartoe bydra nie.

> "Why should 5,000 citizens and taxpayers be singled out to wipe out a deficit due to the cost of educating the children of all?[73]

Die salarisse kon in elk geval nie op grond van buitensporigheid verminder word nie.

---

68. In 1922. Sien T.O.D. Jaarverslag 1922, 19 tot 20.
69. Matrikulasie of laer kwalifikasies moes 'n groter aanslag verduur.
70. T.O.D. Jaarverslag 1922, 119.
71. Ibid 1922, 119.
72. Ibid 1922, 122.
73. Ibid 1922, 122.

> "He who tried to prove it would be put to strange shifts."[74]

Toe die salarisskale in 1919 verhoog is, kon dit nie as 'n buitengewone oorlogsmaatreël beskou word nie, want dit was alombekend dat hulle skandalig laag was.

> "What should be avoided at all costs, unless the position becomes desperate, is an all-round cut in teachers' salaries to meet a deficit in the balance-sheet of an all-round social service."[75]

5. PENSIOENE.

Reeds in 1906[76] het Adamson gemeen dat pensioenvoorregte 'n noodsaaklike toevoeging tot die diensvoorwaardes sou wees. Die ou stelsel waarvolgens die diensjare van leerkragte met vrywillige skenkings afgerond is, was te wisselvallig.

> "If pension rights were substituted for gratuity rights ........ This should be done at the earliest possible moment."[77]

In 1914 het hy andermaal die noodsaaklikheid van 'n pensioenskema beklemtoon. So 'n skema het reeds in 1912-1913 die aandag van die Provinsiale Raad geniet maar is toe na 'n gekose komitee verwys. In 1916 het hy die pensioenskema[78] soos volg in sy jaarverslag aangekondig:

> "The Pensions Ordinance realizes legitimate and long-existing aspirations of the teaching staff, and gives effect to a recommendation constantly urged by the Department. The grant of pension rights implies full recognition of teachers as public servants. This is but just, for they are responsible for one of the most important and vital

---

74. T.O.D. Jaarverslag 1922, 122.
75. Ibid 1922, 122.
76. Ibid 1906, 26.
77. Ibid 1906, 24.
78. Ordonnansie No. 5 van 1916 tree in werking 29/6/1916.
    Ordonnansie No.15 van 1918 tree in werking 4/9/1918.
    Ordonnansie No.15 van 1919 tree in werking 11/2/1920.

> of state functions. It is also good policy, for it is one of the most certain means of making the profession attractive to good men and women, and thus promoting efficiency in the most direct way."[79]

Hierdie ordonnansie wemel van tegniese aangeleenthede en vir 'n duidelike uiteensetting moet die ordonnansie self bestudeer word.[80]

Die vernaamste kenmerke kan kortliks soos volg saamgevat word: Leerkragte wat in die voorregte van die pensioenskema wou deel moes geldelik daartoe bydra, terwyl die staat 'n gelyke bedrag gestort het. Die gewone bydrae vir mans was vier persent en vir dames ses-en-tweederde persent van hul pensioendraende besoldiging. Leerkragte wat voor 1 Januarie 1917 tot die diens toegetree het kon vrystelling verkry indien hulle dit verkies het. Dit was egter verpligtend vir alle leerkragte wat op of na die datum tot die diens toegetree het. Die ouer onderwysers(esse) kon hul voorregte onder die spaar- of vrywillige skenkingsskema behou of hul kon al hul diensjare of 'n deel daarvan onder die pensioenskema laat tel[81] deur die agterstallige bydraes in te betaal.

Die jaarlikse pensioen is bereken op eensestigste van die gemiddelde pensioendraende salaris, vermenigvuldig met die aantal diensjare.

Vroue kon op 50 en mans op 60 jaar aftree. Indien daar nie langer van hulle dienste gebruik gemaak kon word nie, kon hulle versoek word om op 45 en 55 jaar onderskeidelik af te tree. Mans sowel as vroue kon egter tot 65 in die diens aanbly.

Die pensioenfonds is deur 'n raad van drie lede beheer.

79. T.O.D. Jaarverslag 1916, 38-39.
80. Handboek van Onderwyswette (1922), 32 tot 48.
81. Hul kon egter nie verder terug kies as 1 Januarie 1905 nie.

1 lid deur die Administrateur aangewys.
(Mnr. H.S. Scott.)
1 lid deur die Provinsiale Raad aangewys.
(Mnr. T. O'Reilly.)
1 lid deur die bydraers aangewys.

Die staatstoelae tot die onderwyserspensioenfonds het in 1917 op £18,791 meer te staan gekom. In 1921 was daar reeds 'n ledetal van 1,076 mans en 656 vroue. Kragtens die ordonnansie moes die bydraes tot die fonds in Uniale, Transvaalse of stedelike ondernemings belê word. Hoewel hierdie beleggings veilig was, het dit in 1921 die minimumrente van 5 persent en $5\frac{1}{2}$ persent onderskeidelik opgelewer.[82]

6. STATUS, VOORREGTE EN PLIGTE.

'n Mens se stand word bepaal deur sy voorregte maar ook deur sy verpligtinge. Om die rede het 'n slaaf byvoorbeeld 'n taamlike lae stand.

Die onderwyser, wat met die opvoeding van kinders belas is, behoort aanspraak te kan maak op 'n status waarvan die voorregte en verpligtinge in verhouding tot mekaar staan.

As die voorregte meer as die pligte is, kan dit 'n las vir die staat meebring en as die verpligtinge inteendeel meer as die voorregte is, kan dit ten nadele van die burger geskied. Die onderwyser moet van staatsweë in staat gestel word om sy plek as beroepskundige met 'n volwaardige status in te neem.

Adamson het aan die onderwysberoep 'n bepaalde status gegun. Daarom moes die onderwysers se opleiding deeglik wees. Hy het verwag dat hulle manne en vroue met eerbare karakter en kulturele ontwikkeling moes wees.

82. Sien Pensioen Raadsverslag oor $4\frac{1}{4}$ jaar: T.O.D. Jaarverslag 1922, 126 tot 143.

Hulle kon dientengevolge aanspraak maak op gunstige diensvoorwaardes, waaraan onder andere ook pensioenvoorregte verbonde was. Hulle moes staatsamptenare in die volle sin van die woord wees.

> "The teacher is, and should remain, the servant of the public and not of the parents of the scholars under him, because his work is national work which the State must assume."[83]

Hierdie standpunt is heelhartig deur Adamson gesteun:

> "It cannot be too strongly emphasised that, in the highest interests of the public education of the Colony, it is essential that the teachers should remain what they are at present, public servants."[84]

Hierdie status is deur die Onderwyswet van 1907 erken. Die staat het daarvolgens die onderwyspersoneel aangestel, ontslaan, besoldig, hul diensvoorwaardes opgestel, dienskontrakte aangegaan en 'n pensioenskema in die vooruitsig gestel. Die ouerreg om die onderwyser te kies is aan plaaslike beheer onderhewig gemaak.

Die status van die leerkrag moet ook van so 'n aard wees dat sy vryheid en gesag nie in die gedrang sal kom nie.

> "The freedom and responsibility of heads and staffs of high schools must in every way be respected .... There is no reason at all why much of the freedom and elasticity which ought to be characteristic of secondary education should not be translated to primary education ....."[85]

Die Onderwyskommissie[86] het in die verband ook 'n sterk standpunt ingeneem. Die mening was dat die leerkrag nie die vryheids- en onafhanklikheidsgedagte by sy leerlinge tuis kan bring nie as hy self gebonde is.

---

83. Die Koloniale Sekretaris, P. Duncan: T.O.D. Jaarverslag, 1906, 5.
84. T.O.D. Jaarverslag 1906, 24.
85. Ibid 1921, 16 tot 17.
86. Ibid 1920, 63 tot 64.

Sy taak is tog nie net tot die vier mure van die klaskamer beperk nie en derhalwe behoort hy vry te wees om na goeddunke, soos enige ander vrye mens, op te tree. Hierdie vryheid, meen hulle, behoort sy status in die samelewing te verhoog. Derhalwe het die Kommissie volle burgerreg vir die onderwysers(esse) aanbeveel en bygevoeg dat die verstandige leerkragte hulle nie aan partypolitieke propaganda en dogmatiese godsdiens sou skuldig maak nie. Adamson het geglo dat leerkragte hul status verder kon verhoog deur lede van een beroepsvereniging te word.

> "At present you are in too many camps .....[87] After all, education is one ..... and it will be a good day for education in South Africa when professional unity has been achieved and when as a single association you can speak with a single and a united voice."[88]

Hy het egter aktiewe deelname aan partypolitieke aangeleenthede afgekeur.

> "Your strength lies in professional detachment ....."[89]

## 7. KRITIESE BESKOUING.

Adamson het met sy persoonlike bemoeiinge met die diensvoorwaardes steeds die belange van die onderwyspersoneel probeer bevorder. Vir hom was die onderwys 'n beroep wat in status nie vir die van byvoorbeeld die medisyne en die wet moes agterstaan nie. Die leerkragte moes dan ook uit die beste manne en vroue betrek word en daarom het hy steeds om die allerbeste diensvoorwaardes gepleit.

Sy standpunt dat hierdie status in 'n groot

---

87. T.T.A.; T.O.; Hoërskool Vereniging; Normaalskole.
88. Laaste toespraak van Adamson voor T.T.A. en T.O. T.O.D. Jaarverslag 1923, 242.
89. Ibid, 240.

mate deur 'n behoorlike beroepsopleiding bestendig kan word, is prysenswaardig. Deur die eindeksamen van die middelbare skool as vereiste vir die opleidingskursusse te stel, het hy baie verder as die ouer Kaap Provinsie gegaan, want by sy aftrede het hierdie provinsie nog steeds die standerd VIII-sertifikaat as voldoende vir toelating tot 'n beroepsopleiding beskou.

Sy werk in verband met die indeling van poste, die salarisse, bevordering en verlof van onderwysers het getoon dat hy dit opreg bedoel het met die belange van die onderwyspersoneel en daardeur van die onderwys in die algemeen. Die werklike salarisse van die Transvaalse onderwysers was byvoorbeeld hoër as die van die ander drie provinsies. Op sy aandrang is die aantal hoëgraadse betrekkings deur 'n herindeling van poste verhoog.

Oor die algemeen gesproke, was georganiseerde ontevredenheid oor diensvoorwaardes in sy diensjare nie bekend nie. Hy sowel as die Onderwysraad het gewoonlik alle vertoë, wat op kongresse en by ander geleenthede gemaak is, deeglik oorweeg en volgens die mag hulle verleen en fondse tot hul beskikking, bevredigende oplossings in die vooruitsig gestel.

In 1906 was daar 1,234 en in 1924, 5,149 leerkragte in Transvaal. As hierdie groei in oënskou geneem word, is dit waar dat onderwys in sy ampstermyn mondig geword het. Hierdie mondigwording het 'n veelvuldigheid van verpligtinge meegebring, waarvan uitstekende diensvoorwaardes 'n belangrike onderdeel was en dit moes in 'n hoë mate aan sy mensekennis en insig toegeskryf word dat hierdie diensvoorwaardes baie gunstig met die van die ander drie provinsies vergelyk het.

Hy was die wysgeer maar ook die onderwyser met 'n ontwikkelde sin vir die behoeftes van die onderwys en die onderwyspersoneel. Waar hy vir laasgenoemde in die bresse kon tree het hy nie op hom laat wag nie[90] maar daar ook raadgewend bygevoeg:

> "Even in the frustration of our hopes, however, we ought to face the facts squarely."[91]

90. Onder andere Toespraak voor T.T.A. op 15 April 1924. T.O.D. Jaarverslag 1923, 237....
91. Ibid, 240.